

22 - 25 September 2017

# VAN STADENS



Sjoe. Met 'n volle 44 lede en 8 gaste het ons Vrydag, 22 September, by Van Stadens bymekaar gekom!

Ongelukkig moes ek, my ma en kinders maar die naweek manloos in die gesig staar as gevolg van Jacques se skouer operasie. Nou weet ek vrouens kan alles doen wat mans kan doen.

Regardt en Tarryn het by boekvat lede verwelkom met 'n pragtige magneet.

Met 'n warm gevoel en koue luggie het almal lekker vure opgesteek en gebraai.

Saterdag was die weer maar triestig en het almal bietjie binne gehou. Zelda Swanepoel het vir ons die aand boekvat gehou.

Sondagoggend het 'n hele paar van ons vroeg begin met die "breakfast" jaffels. Baie dankie aan Jacques, Zelda, Regardt, Tarryn, my ma en Elsabe wat my gehelp het om die verkope 'n reuse sukses te maak.

22 - 25 September 2017

## VAN STADENS



Die bedrag van R 1430.00 is ingesamel. Dankie ook aan elkeen wat vir ons skenkings gegee het. Sonder dit sou ons nie soveel geld kon bank nie.

Dankie aan Ds. Frans Goosen van die Open Doors organisasie vir die waarneem van die kerk diens.

Dit is ons hoop dat daar sommer heelwat Sawanante betrokke sal raak by Open Doors.

Na die diens het almal heerlik gekuier en by die see rondgeloop. Baie lede het kans gesien vir die duine en trap bootjies.

Maandagoggend het die meeste maar begin oppak om darem Dinsdag betyds by die werk te wees.

Weereens baie dankie aan elke Sawanant vir die bydrae tot 'n heerlike naweek.

- Zeldri Strydom